MISGEKYK

Ester Ongeredigeerd **(Ester 4:1-17)**

Die tydvak is so 100 jaar na die Babiloniese ballingskap van die Israeliete. En terwyl sommige Jode teruggekeer het na Jerusalem, soos Esra en Nehemia, het baie nie. So die boek Ester gaan oor 'n Joodse gemeenskap wat in Susan woon, die hoofstad van die antieke Persiese Ryk.

Die boek lees soos ’n spannende roman. Dit voel dit amper hierdie boek eintlik nie in die Ou Testament hoort nie. Daar word niks gesê oor Jerusalem of Juda of die Wet, die profete, die beloofde land of ballingskap nie. Maar meer nog – God se naam is nêrens te vinde nie. Nie eers een keer nie. Ek bedoel, gaan die Bybel nie oor God nie? Maar hierdie is 'n briljante tegniek deur die skrywer, wat trouens anoniem is. Die verhaal is vol vreemde ‘toevallighede’ en ironiese omkerings. Dit laat jou wonder...word God weggelaat, of net misgekyk?

Die boek vertel die verhaal van ‘n Joodse vrou Ester – ‘n weeskind wat aangeneem word deur haar oom Mordegai. Hulle twee is op die ou end verantwoordelik dat al die Jode in Persië se lewens gered word in die tyd van koning Ahaseveros. Hierdie koning, ook bekend as Xerxes I. Hy was ‘n uiters swak koning. F Buechner: *“He was a blow-hard and a show-off, and anybody with an eighth-grade education could wrap him around his little finger without half trying.”* Die ander belangrike karakter (of karikatuur!) is die Persiese amptenaar Haman.

So, waaroor gaan die storie?
Koning Ahasveros hou ‘n drinkfees vir die hooggeplaastes waar hy met alles spog wat hy besit. Op die laaste dag van die feesmaal is hy so dronk dat hy eis dat sy vrou, koningin Vasti, by die partytjie moet verskyn om haar skoonheid te wys. Sy weier en word summier van haar koninginskap gestroop. Sy raadgewers beveel aan dat 'n skoonheidskompetisie gehou moet word om ‘n nuwe koningin te vind. Hier raak dit al hoe meer soos 'n swak sepie. Maar dit is waar Ester en Mordegai hul verskyning maak. Toevallig is Ester ook deel van hierdie groep meisies wat deelneem aan die kompetisie. En sy wen!

Lang storie kort: Ester raak deel van Ahasveros se harem en op die ou end is hy so mal oor haar dat hy haar koningin maak. Maar sy hou haar Joodse identiteit geheim (2:1-18). Kort hierna red haar oom Mordegai die koning se lewe as hy toevallig op die regte plek is en hoor van ’n komplot om die koning vermoor. Hy gee die inligting aan Ester, wat dit op haar beurt aan die koning oordra, en Mordegai kry erkenning dat hy die koning se lewe red. Steeds hoor ons nêrens die naam van God nie, maar jy voel sy teenwoordigheid... Waar is God in die storie?

Op hierdie punt leer ken ons vir Haman wat nie eintlik 'n Persiër is nie, maar 'n afstammeling van die antieke Kanaäniete (onthou 1 Samuel 15) - ‘n wrede narsis! Die koning maak vir Haman die Eerste Minister in die koninkryk. En tipies van iemand wat waarde heg aan titels dring Haman daarop aan dat alle mense wat oor sy pad kom laag voor hom moet buig. Mordegai weier, wat Haman natuurlik verskriklik kwaad maak. Nou, die Jode en Kanaäniete het mekaar gehaat. Haman oortuig die kortsigtige Ahasveros om ‘n dekreet uit te vaardig om nie net vir Mordegai nie, maar al die Jode in die ryk uit te wis (3:1-15). Om die datum van die Jode se uitwissing te bepaal, rol

Haman die dobbelsteen. 'n Dobbelsteen word in Hebreeus "Pur" genoem (later bietjie meer hieroor). Elf maande later, op die 13de van Adar, moet al die Jode sterf. Haman en die koning hou dan 'n drinkfees om hul besluit te vier.

Terwyl Haman se plan momentum kry, gaan soek ‘n desperate Mordegai hulp by Ester en vra haar om met die koning te praat en dit te stop. Soos Josef en Moses en Daniël en Nehemia is Ester op daardie stadium toevallig in ‘n magsposisie in die paleis van ‘n vreemde volk. Mordegai se bekende woorde: “(Ester), as jy nou stilbly sal daar van ‘n ander kant af uitkoms en redding kom vir die Jode. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ‘n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het.”

Hulle was beide diep bewus van die feit dat om die koning sonder 'n koninklike versoek te benader, volgens die Persiese wet 'n daad wat die dood verdien. Ester reageer met dapperheid en besluit om na die koning te gaan: ***"As ek moet sterf, dan moet dit maar gebeur."*** Soos Moses waag sy haar lewe om na die temperamentele koning te gaan en hom te nooi vir ete. Sy nooi vir Haman ook. En tydens hierdie eerste feesmaal nooi sy hulle na ‘n tweede feesmaal die volgende dag. Dit is die begin van die ironiese omkering van al Haman se bose planne. Haman verlaat die eerste feesmaal heeltemal dronk en hy sien vir Mordegai in die straat. Hy kook van woede en beveel dat 'n oordrewe hoë galg gebou word sodat Mordegai die volgende oggend daaraan gehang kan word. Dit lyk asof dinge nie erger kan word vir die Jode en Mordegai nie.

Maar Haman se selfbelang ontplof in sy gesig… Dit gebeur so dat die koning dié nag nie kan slaap nie. Hy laat die koninklike kronieke aan hom voorlees vir goeie slaapleesstof. En hy hoor toevallig hoe Mordegai die koning se lewe gered het. Hy het dit heeltemal vergeet! So kom Haman die volgende oggend binne om Mordegai se teregstelling te versoek, maar die koning beveel Haman om Mordegai openlik te eer omdat hy sy lewe gered het. So moet Haman nou vir Mordegai deur die stad lei op 'n koninklike perd en vir almal sê om hom te prys.

Asof hierdie vernedering nie erg genoeg is nie, ontmasker Ester ook Haman se komplot om die Jode te vermoor aan die koning (7:1-10) – sy waag haar lewe vir haar mense en maak bekend dat sy ‘n Jood is. En die ironiese einde? Haman sterf op die ou end aan die galg wat hy vir Mordegai gebou het.

Haman se teregstelling los egter die probleem van die bevel om al die Jode te vermoor nie op nie. Ester en Mordegai ontdek dat die koning nie 'n bevel wat hy reeds uitgereik het, kan herroep nie. Die koning gee sy goedkeuring dat Mordegai 'n teenbevel mag uitreik. Mordegai, Ester, en Jode oral hou groot feesmaaltye om hierdie nuwe bevel te vier. En Mordegai word verhoog tot 'n sitplek langs die koning. Op die aangewese dag waarop al die Jode veronderstel was om vermoor te word, die 13de van Adar, word die Jode nou beveel om hulself te verdedig en om enigeen wat beplan het om hulle te vermoor, te vernietig.

Die vraag is of dit selfverdediging of ‘n slagting was? Want as jy hfst 9 lees klink dit meer na die laasgenoemde: “Not content with having saved their people and taken care of Haman, Esther and Mordecai used their new power to orchestrate the slaughter of 75000 of their old enemies…” Die verhaal vertel dan hoe Ester en Mordegai deur middel van 'n bevel hierdie jaarlikse tweedaagse fees van **Purim** ingestel het om hul redding te herdenk. En die naam van die fees kom van Haman se dobbelsteen, onthou "pur-im". Die boek sluit af met Mordegai wat tot bevelvoerder in die koninkryk verhef word en die Jode wat in ballingskap floreer.

En so keer ons terug na die vraag waarmee ons begin het: Hoekom lees ons nêrens God se naam nie? Die boodskap is dalk dat wanneer God afwesig lyk, wanneer ons op die afgrond staan, en selfs wanneer ons

ontrou is aan die Tora, beteken dit nie dat God klaar is met ons nie. Daar is baie drinkery en woede en seks en moord, waarvan Mordegai en Ester deel is! En so beeld die verhaal nie vir Mordegai en Ester uit as morele voorbeelde nie, maar word hulle voorgehou as rolmodelle van moed, vertroue en hoop wanneer die lewe totaal uitsigloos raak. Uit Ester en Mordegai se lewens sien mens ook dat God se guns rus op mense wat boosheid weerstaan. God se guns beteken nie net voorspoed nie... Weerstand teen boosheid kan selfs jou lewe kos. Dink maar aan Johannes die Doper. Nogtans spreek boosheid en dood nooit die laaste woord nie - net God alleen. *"It invites us to see that God can and does work in the real mess and moral ambiguity of human history. And He uses the faithfulness of even morally compromised people to accomplish His purposes. The book of Esther asks us to be willing to trust God's providence even when we can't see it working."* Steve Atkinson

Die boek spel die wrede en harde werklikhede van die lewe uit. Dit troos ook, juis omdat dit deel is van die Bybel al het Martin Luther en ander hard probeer om dit uit die Bybel te verwyder!
Soos in die verhaal van Ester fluister God se Gees daagliks in ons bewussyn – soms baie sutbiel. Die vraag is wat maak ons met hierdie fluisterstem?
Soos wat Mordegai vir Ester sê, "As jy gaan kies om stil te bly (omdat jy bang is jy gaan jou lewe verloor), sal verlossing en redding van 'n ander plek kom…" Nou of Mordegai gepraat het vanuit sy geloof dat God hulle sal verlos, en of hy 'n profetiese bewustheid oor wat God besig was om te doen, weet ons nie. Maar ons weet dat hy God vertrou het en geweet het God sal red met of sonder Ester se hulp.
Richard Niebuhr: "God is acting in everything that is happening to you. So respond to everything that happens as if to respond to God's action."

Almal van ons het sulke stories nodig. En wie weet? Miskien is hierdie jou tyd?